

Rapport



Kleiner broeke, porsies vir Ray

Toe die sanger Ray Dylan besluit hy wil gewig verloor, het hy die mooiste denimbroek van R5 000 gekoop, maar een nommer te klein.



Miley 'twerk' teen 300 000 twiets per minuut

Miley Cyrus (20) het verlede Sondag finaal bewys sy wil haar soetmeisie-verlede as die Disney-ster Hannah Montana vir altyd begrawe.



Argiewe

Nuus Sport Sake Opinie MyRapport Bylaes Koerante Verbruikersvasvat

Suid-Afrika | Wêreld | Weekliks

Maak groot oop!

2013-08-11 00:21

Linette Retief

Daar is min gediertes wat kan pik of byt in wie se bek Gerhard Steenkamp nog nie gekyk het nie, skryf Linette Retief.

Mahatma Gandhi het eenkeer gesê die grootsheid van 'n nasie kan geoordeel word aan die manier waarop hulle hul diere behandel.

As Gerhard Steenkamp, 'n dieretandarts en senior lektor aan die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort, slegs halfpad verteenwoordigend is van Suid-Afrikanners se ingesteldheid oor die welvaart van hul diere, slaag ons die Gandhi-toets met vlieënde vaandels.

Op Steenkamp se operasietafel word ons grootsheid nie gekelder deur 'n vallende geldeenheid en stygende misdaadvlakke nie, maar gelig deur die oneindige geduld, vernuf en fokus waarmee hy en sy span 'n bloukraanvoël se skewe bek probeer regdokter.

'n Mede-veearts dien narkose toe, twee assistente hou die slapende voël vas en nog 'n veearts neem waar terwyl Steenkamp die skewe stukke snawel afsny voordat hy pennetjies insit om te verseker dat die nuwe bek reguit aangroei. En ná die operasie staan veearts nommer een weer by met 'n inspuiting om te verseker dat Suid-Afrika se nasionale voël nie onnodige post-operatiewe pyn en lyding ervaar nie.

Dieselfde sorgsame behandeling is 'n sivetkat beskore wat in Januarie vanjaar in Polokwane omgery en in 'n kritieke toestand na die hospitaal by die Pretoriase dieretuin gestuur is. Meer as ses maande, 'n aantal operasies op haar voorbene en 'n paar kursusse antibiotika later, lê sy vandag op die operasietafel net om 'n klompie gebreekte tande te laat trek. Dit is 'n prosedure wat moeiliker en tydrowender is as wat 'n mens sou dink.

Maar Steenkamp is tevrede. En hy is trots, nie net op sy span se vernuf nie, maar op die dier se aanhou- en uithouvermoë.

Sy sonderlinge kombinasie van deskundige kennis en deernis vir diere is egter nie tot voëls en wilde katte beperk nie. Van Egipte tot China, van Pole tot die Arabiese Emirate het hy al 'n duiselingwekkende verskeidenheid diere-pasiënte, groot en klein, uit hul tand-ellende gehelp. Leeus, tiere, luiperds, seekoeie, renosters, dolyne, robbe en krimpvarkies... Selfs 'n slang of twee. Dit is te betwyfel of daar 'n lewende wese wat kan byt of pik bestaan in wie se bek Steenkamp nog nie gekyk het nie!

Gedagtig aan die skrikwekkende omvang van oopgespalkte seekoeibekke en ongedurige renosters, vra ek of hy al ooit bang was.

Eers sê hy nee, "want diere weet gewoonlik nie waar hulle is wanneer hulle bykom nie".

Maar dan besin hy laaggend oor die keer of twee wat hy wel geskrik het: Eenkeer toe 'n tier ná die

Artikelopsies Deel Kry Rapport op



Dié koala-beertjie se etterige neusuitloppel het gelei tot 'n tandinfeksie. Die tand is getrek en die gat in sy verhemelte is met 'n spesiale flappie toegewerk. | Foto's: Brendan Croft

Foto's · Lesersfoto's · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

MEESTE GELEES | E-POS | KOMMENTAAR

Tweeling by ander vrou ná 'moord'
Kar tref, sleep jong pa dood
Aktrise se vet tender
Oscar: Gil wys dalk op rusie
Dit is toe Zuma-TV

WEER		LOTTO	
Ksd:	11-17°C	Pta:	7-23°C
Jhb:	6-20°C	Bfn:	2-23°C
Dbn:	14-29°C	PE:	11-17°C
7-dag-voorspelling...			

BETREKKINGE - VIND JOU DROOMWERK
EIENDOMME - VIND 'N NUWE HUIS
REIS - BESOEK, BESPREEK, LAAT WAAI!
KALAHARI.COM - DOEN VANDAG JOU INKOPIES AANLYN

Al die gewidste boeke aanlyn beskikbaar
Doen inkoopies aanlyn vir 'n wye reeks boeke teen ongelooflike pryse + kry gratis aflewering by jou voordeur. Koop nou!

Elektroniese ware & toestelle vir elke begroting
Kry ongelooflike aanbiedings op notaboekrekenaars, e-lesers, GPS-toestelle, selfone en nog meer! Koop nou.

Groot afslag! Kry tot 25% afslag op boeke, fliëks, musiek en speltjies!
Kry tot 25% afslag op ons topverkopers! Aanbod geldig terwyl voorraad beskikbaar is. Koop nou!

Koop al jou huisware en lewenstylprodukte aanlyn
Vermy die toue en chaos van winkelsentrums en kry al jou toestelle, huisware, tasse, buitlugtoerusting, troeteldierprodukte en gereedskap aanlyn. Koop nou!

Speelgoed vir die hele gesin
Besoek ons speelgoedwinkel vir ongelooflike sagte speelgoed, elektroniese speelgoed, 3D-legkaarte en nog meer! Koop nou.



Groot afslag! Kry tot 25% afslag op boeke, fliëks, musiek en speltjies!

Kry tot 25% afslag op ons topverkopers! Aanbod geldig terwyl voorraad beskikbaar is. Koop nou!
Besoek www.kalahari.com vir miljoene boeke, musiek, DVD's, games & meer!



operasie skielik kiertsregop gesit en die verbouereerde verpleegster lappies oor sy kop probeer gooi het. Die ander keer toe 'n seekoei, steeds in die newels van narkose, opgestaan en oor hom getroom het, maar gelukkig net daarna weer sy balans verloor en omgeval het.

Sy hartstog vir diere, vertel hy, het begin toe hy in st. 3 was, toe TV net begin het en hy een aand 'n program oor die Dierebeskermingsvereniging gesien het wat wys hoe honde van kant gemaak word.

“My ma het my later vertel ek het dit heeltemal verloor.”

Wat hy daardie aand “verloor” het, is egter die diereryk se gewin. Ná sy veeartsenystudies het hy 'n vier jaar lange nagraadse kursus in dieretandheelkunde voltooi, maar hy het nog nooit ophou leer nie.

“My belangstellingsveld is 'n lewenslange leerkurwe,” verduidelik hy. Want waar 'n “mense-tandarts” net een stel tande hoef te bemeester, is elke dier se gebit vir hom 'n nuwe uitdaging. Vandaar sy enorme versameling skedels en die reeks doelontwerpte instrumente wat hy self ontwikkel het. Laasgenoemde aanvanklik in samewerking met die departement van meganiese en lugvaart-ingenieurswese by die Universiteit van Pretoria, deesdae saam met die maatskappye Somta Tools in Pietermaritzburg en Hentiq in Centurion.

Êrens tussen sy nagraadse kwalifikasie en volgehoue leerkurwe het hy ook sy meestersgraad oor olifantande ingepas. Met duidelike binnepret verduidelik hy hoekom hy so is dol op dié groot, grys spesie: “Olifante is so grasieus, dit voel of hulle altyd in beheer is. Hulle is groot diere, maar daardie klein ogies sien alles, soos 'n ma wat vir 'n kind kyk en dink: ‘Wat het jy nou weer gedoen?’”

Hul tande is natuurlik uniek.

Die momentum agter sy tesis, vertel hy, was 'n “mense-tandarts” wat op 'n konferensie in Amerika beweer het daar is nie senuwees in die pulp aan die binnekant van olifantande nie, wat sou beteken daar is geen gevoel nie. Gerhard se doel was om hierdie argument te weerlê. En hy het, danksy sy kundigheid en toewyding en danksy die ongehoorde toegang tot olifante wat Afrika aan navorsers bied.

“Ek het al aan 70 olifantande gewerk,” sê hy. “In Europa het die meeste navorsers nog net aan een of twee gewerk.”

So lief soos hy vir diere is, glo hy nie daaraan om vir hulle name te gee en oormatige menslike eienskappe aan hulle toe te skryf nie.

“As jy eers 'n leeuwepie begin ‘Flaffie’ noem, verloor jy sig van die grense, van die feit dat jy te make het met 'n wilde dier wat uiteindelik moet teruggaan na haar habitat. Ek voel baie sterk oor die bewaringsaspek. Dit is alles goed en wel vir mense om diere in die dieretuin te kom besigtig, maar die ideaal bly om diere wat seergekry het te rehabiliteer en uiteindelik weer in die natuur los te laat.”

Op dié filosofiese noot kom ons by ons laaste bestemming: Die dieretuin se Afrika-pikkewynkolonie, ook die tuiste van Beak (die een “pasiënt” met 'n naam), 'n Afrika-pikkewyn wat maande gelede naby Muizenberg oor 'n straat gestap en deur 'n motor raak gery is. Danksy Gerhard en sy span se behandeling het sy merkwaardig herstel en is sy, by wyse van spreke, hondmak.

Op pad terug hospitaal toe gesels hy gemaklik oor alles en nog wat: Sy vrou wat 'n mondpatoloog is; sy vierjarige seuntjie wat dol is op koi-visse; sy droom om eendag genoeg grond te besit om wild op aan te hou.

Ook iets wat hom sy hele loopbaan lank al bybly: “'n Ou onder wie ek in Engeland gewerk het, het my geleer 'n mens moet aanvaar daar is party diere wat jy nie kan help nie, maar daar is geen dier waaraan jy nie kan skade aanrig nie.”

Dit is duidelik 'n les wat Gerhard Steenkamp nie net op 'n oppervlakkige manier “geleer” het nie. Dit is een wat hy elke dag leef.

e-pos artikel Druk artikel KRY RAPPORT OP: **Jou selfoon**

DEEL: Yahoo Google Digg del.icio.us Facebook Twitter

[Lees Rapport se kommentaar beleid](#)

LEWER KOMMENTAAR OP HIERDIE ARTIKEL 2 reaksies

Rapport	Deel	Jou vriende beveel aan...	Volg Rapport	News24.com-netwerk	Meer
----------------	------	---------------------------	--------------	--------------------	------

LEWER KOMMENTAAR

Kommentaar 1500 oorblywende karakters

 POS KOMMENTAAR



Linda Bekker van Wyk - Augustus 11, 2013 om 08:37

Kommentaarbeleid

Rapporteer

Goeie artikel oor 'n wonderlike mens wat sy werk met insig en passie doen.

9 0 [Antwoord Linda Bekker van Wyk](#)



Merryl van Jaarsveld - Augustus 11, 2013 om 16:25

Kommentaarbeleid

Rapporteer

Wat 'n pragtige storie om te lees.

4 0 [Antwoord Merryl van Jaarsveld](#)

Ander stories in... Weekliks...

Drie digters, twee skrywers en 'n teoloog...

Waar anders kry jy één boek met soveel goeie Afrikaanse letterkunde as in die 1933-Bybelvertaling, wonder Leon Rousseau.

'n Lewe: Gerard Derbesy en Lynda Titus

Dr. Gerard Derbesy (47), uitvoerende hoof van BP in Suider-Afrika en Lynda Titus (57) is albei Woensdag oorlede.

Eerlikheid oor die regte kwessies is wat kort

Korrupsie is nie Suid-Afrika se grootste probleem nie, skryf Eve Fairbanks.

B I N N E R A P P O R T



Van Gucci tot gutter

Hanlie gesels met Shaun Shelly – van sakeman tot hawelose. Nou: nuwe hoop.

Die nag kom nader

Is SA gereed om die belangrike besluite oor ons ekonomiese toekoms te neem?

Waar's die lente?

Wat het van die Arabiese Lente geword? Leopold Scholtz het gaan soek.

Muurmusketiers

Onder die 'gekke en dwase' is daar ook 'n paar wêre kunstenaars,

D I E N S T E



Blogs

Jou opinie oor alles en almal.



Kontak ons

Stuur jou brief aan Rapport



Subskripsies

Teken in op Rapport



RSS

Nuus eenvoudig afgelewer

24.com

[Bepalings En Voorwaardes](#) - [Vennote](#) - [Adverteer Op Rapport.co.za](#) - [Adverteer In Rapport](#) - [Kontak Ons](#)

© 2013 24.com. Alle Regte Voorbehou.

